

Tegnologie – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (*sien voorbeeld 1 hieronder*). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (*sien voorbeeld 2 hieronder*).


Voorbeeld 1:-

| | | | | |
|----|---|---|--------------|---|
| 4. | a | b | c | d |
|----|---|---|--------------|---|

 Voorbeeld 2:-


| | | | | |
|----|---|--------------|--------------|---|
| 4. | a | b | c | d |
|----|---|--------------|--------------|---|

Vaardighede in die ontwerpproses



1. Pascal se beginsel verklaar dat 'druk wat op enige plek in 'n beperkte vloeistof toegepas word, word in in alle rigtings regdeur die vloeistof oorgedra op so 'n wyse dat die drukverhouding dieselfde bly.'
- (a) onpersbare, ongelyke mate (b) onpersbare, gelyke mate
 (c) persbare, ongelyke mate (d) persbare, gelyke mate

2. Watter een is nie 'n stap in die ontwerpproses nie?



- (a) Beplan.
 (b) Onderzoek.
 (c) Maak.
 (d) Ontwerp.

3. 'n Voorbeeld van 'n spesifikasie, soos in 'n ontwerpvoorsig ingesluit, het ten doel dat
- (a) jy twee uur het om die taak te voltooi.
 (b) die katrol 'n vrag van 500 g tot 'n hoogte van 1 m moet lig.
 (c) jy nie materiale vermors nie.
 (d) julle slegs in groepe van vier leerders mag werk.


Kyk na die diagram hieronder en die kommentaar in notas (i) – (iv) gelys.




- (i) Die paal met stutte sal nie die kragte van die drade kan weerstaan nie.
 (ii) Die paal met stutte sal die krag weerstaan want die stutte sal die paal versterk ten einde te verhoed dat dit buig onder die krag van die drade.
 (iii) Die paal sonder stutte sal nie die kragte van die drade kan weerstaan nie.
 (iv) Die paal sonder stutte sal die krag weerstaan.

4. 'n Bondige evaluasie van die twee strukture wat verduidelik watter struktuur die geskikste sal wees om die kragte te ondersteun. Watter twee is korrek?
- (a) i en iii. (b) iii en iv. (c) ii en iv. (d) ii en iii.

5. Die ontwerper van die portefeuljehouer het gebruik gemaak van watter verbeteringstegniek/e toe die produk regs geskets is?



- (a) Tekstuur.
 (b) Dik en dun lyne.
 (c) Skakering en skadu.
 (d) (a), (b) en (c) is korrek.



6. Die illustrasie links word gebruik om te toon hoe om voorwerpe in te teken.
- (a) as 'n isometriese tekening
 (b) in perspektief
 (c) as 'n skuinstekening
 (d) as 'n ortografiese tekening